AFFIES 70
1920 – 1990
AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
Lynnwoodweg 1, Pretoria 0002
Tel: (012) 344-3805/6

# STROOM~OP

LAAT DAAR LIG WEES

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
TWEEDE KWARTAAL 1990

A.H.M.P.
EK SIEN HAAR WEN

AFFIES 70
1920 – 1990
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
Bondstraat Pretoria 0002
Tel: (012) 344-3811/2

## Oor mooi dogtertjies

deur Rachel Kruger

**Dis 'n gewone Maandagoggend met groepies kinders wat oral saambondel om naweekstories uit te ruil. Louis het Sondag by Mindie gekuier. Arme ou Gertjie moes alweer by die huis sit, gelukkig kon sy toe darem 4 ure se Biologie-langvrae en so 6 ure Wiskunde-studies inkry. Die res lyk maar valerig.**

Die duette begin en die meisies loop onwillig in rye die saal binne. Kato is soos gewoonlik agter die mikrofoon. Agter die verhoog skarrel 'n prefek verward rond. Amanda het saalblomme vergeet en êrens moet daar blomme uitgetoor word. Die boekies is skielik 40 minder as verlede week. Adri sug.

Juf Venter en 'n gas kom in. Gesang 214. Skriflesing. Die gas is 'n mevrou Joan van Vuren, die eerste hoofmeisie van die eerste Afrikaanse Hoërskool in 1926. (Oë word moedeloos neergeslaan: tog net nie wéér die geskiedenis nie, asseblief!)

Met verlepte kinders voor haar en verlepte blomme effens agter die klavier, begin mev Van Vuren gesels. Sy praat vars en die gesigte verhelder (die blomme bly ongelukkig verlepperig). Sy vertel hoe hulle blikaspaai gespeel het en hoe sy pouses in die huis van generaal Piet Joubert (wat toe die skool was) rondgeloop het en in die kamertjies rondgeloer hét. Sy en haar maats kon mekaar ure lank deur die ou deure se gekleurde glase bekyk.

Sy het eers op nege begin skool gaan (!), ander ook, met die gevolg dat party van die 21-jarige matriekouens, volgens mev Van Vuren, nogal heel hand-uitrukkerig kon raak.

Sy vertel hoe 'n onderwyser een maal vir die klein kletskous Joan gesê het om stil te bly. Prinsloo, 'n groot ou, vra toe ewe sedig: "Joan, sal ek hom nou neuk of later?" (Die saal bars uit van die lag, 'n paar meisies kyk nuuskierig na Juf Venter. Sy lag ook.)

Gedurende die verkiesing het die seuns lekker ingeklim onder mekaar onder luide toejuiging van die meisies natuurlik (goeie ou dae ...).

Mev van Vuren sê dat daar nog maar min tradisies was. (Sy wen 'n paar bewonderaars), tog het die meisies tóé al hoede gedra (sy verloor 'n paar). Met haar "blazer" kon sy te lekker by haar Boys' High-nefie spog.

Sy bly stil, kyk glim-



laggend na die (nou nie meer verlepte) meisies en sê: "Ek wonder of ons ook sulke mooi dogtertjies soos julle was — ek dink die dogtertjies word al mooier ..."

Juf Venter lees afkondigings van "Chelsea buns" en die roomyskoekwenners en badkamerkompetisies en redaksievergaderings. Magrieta soek naarstigtelik haar boeke en ons sluit met nuwe trots af met die skoollied.

Lawaaierig stap almal by die saal uit; die duette, ongewaardeerd, ten spyt. Susan verwyder verlig die blomme.

Nog 'n dag op Affies. Wie weet, dalk vra ons ook eendag: "ek wonder of ons ook sulke mooi dogtertjies was — ek dink die dogtertjies word al hoe mooier ..."

## *Daar ruis uit Pretoria ... gedenkboek*

**(1920 — 1990)**

**Op 27 April 1990 is die Gedenkboek: DIE AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL EN SY MENSE 1920-1990 amptelik tydens saalopening aan die skool oorhandig.**


Dr. Potgieter het met Skriflesing, ('n kort, kragtige boodskap) en gebed geopen. Die Volkskas areabestuurder, mnr. S. de Kock, het namens die borge, Volkskas, 'n parallel getrek tussen die tradisies van Affies en Volkskas. Mnr Jan Pretorius, voorsitter van die Oudleerlingbond het die Affie- ideaal aan die skool voorgehou:

Die Afrikaanse Hoër Seunskool sal 'n plek wees waar ons as leerlinge, leerkragte, ouers, oud-Affies ons gemeenskaplike trots strewes en tradisies as 'n lewende monument uitbou sodat dit vir ons en ander as inspirasie dien.

Die hoogtepunt van die program was die oorhandiging van die historiese gedenkboek deur die skrywer, dr. G.J. Potgieter (oud-hoof 1947-1963) aan die hoof, mnr TLP Kruger. Dr P Edwards het enkele interessante gebeurtenisse uit die boek toegelig. Die verrigtinge is afgesluit met die sing van die skoollied.


Hierdie werk skets die unieke ontstaan, aard en ontwikkeling van die A.H.S. en is beskikbaar by mev. An van Tonder.

— **John-Louis Pretorius**



*Mnre S de Kock en TLP Kruger, Paul Schutte en dr GJ Potgieter.*

## *REPUBLIEKFEES*



**'n Republiekfees bly 'n Republiekfees, maar die Republiekfees van 1990 was waarlik 'n fees!**

Die verrigtinge is op 'n kort, en daarom treffende wyse deur mnr Myburgh geopen. Daarna het 'n eie boere-"band" (afgerig deur 'Mev' Vink en mej Van Wyk) vir vermaak van "lekker Doring met 'n varkleerbaadjie" tot by 'n boeredogtertjie wat 'n boereseuntjie vra om 'n trompie te deel, gesorg.

Toe is die gasspreker, ds D du Toit, aan die woord gestel. Weer eens het hy bewys dat 'n kort boodskap meer trefkrag as 'n lang een het. Die kern van sy boodskap was 1 Korinthiers 13:13 "En nou: geloof, hoop, en liefde bly!"


Op 'n oortuigende wyse wys hy die Affies daarop dat geloof nie van jou af weggeneem kan word nie en dat daar sonder hoop vrees is en dat liefde geduldig en vriendelik is.

Met die nodige afwisseling tussen feite en staaltjies en aanhalings en lewenswyshede, slaag ds Du Toit daarin om elkeen wat die voorreg gehad het om na sy toespraak te luister, met nuwe geloof, hoop en liefde die toekoms in te stuur.

Mev Nel (waarnemende hoof) het toe die bedankings waargeneem — en selfs dit was ook kort!

Nadat Die Stem gesing is, is almal huis toe om 'n welkome "studieverlof" dag te geniet!

— **Friedie Jacobs**



## ERELKLEURE '90



*Helen van den Broeck*

**Soos al die jare vantevore, is die glansryke tradisie van Erekleuredag, op 4 April 1990 voortgesit.**

Tydens dié dag, gekleur met die eenvoudige, dog koninklike kleure van kosmos, word die Affies vir harde werk beloon. Die funksie is op gepaste wyse deur ds Botha (Affie-ouer) met skriflesing en gebed geopen.

Die geleentheidspreker, dr Denis van Rensburg, het al die dogters met sy boeiende toespraak attent gemaak op die noodsaaklikheid van na-skoolse studie, en gewaarsku om nie soos die dinosaurusse van ouds te wees en uit te sterf omdat breinkrag ontbreek nie.

Op 'n ligter trant het die koor onder leiding van mev Kruger weer eens 'n spogvertoning gelewer en daarna kon die uitblinkers bekroon word.

Die Biologie Stipendium is aan Johanneke van der Merwe en Helen vd Brook oorhandig vir hulle besondere prestasie in dié vak.

Daarna is die kultuur, sport en akademiese kleure oorhandig waarna die room van Affies bekroon is: die 1989 matrieks wat regdeur hulle hele hoërskoolloopbaan erekleure ontvang het. Elkeen van die besondere dogters (liefs dames!) is met 'n goue medalje of silwer (as jy 4 uit die 5 jaar bekroon is) beloon soos oorhandig deur mev Elize van Rensburg.

Op 4 April het ons voorwaar Affies sien wen!

— **Denise J van Rensburg**

## Affies en Boys High

**Woensdag 20 Junie 1990, was om verskeie redes 'n historiese dag vir Affies.**

Danksy die eerste rugbyspan se oorwinning van 17-9 oor Boys High loop Affies vir die eerste keer voor sedert die instelling van die rugbywedstryd in 1923. Van die 82 wedstryde wat tot dusver gespeel is, het Affies 38 gewen, 37 verloor en 7 het gelykop geëindig.

Affies het ook die 66-Beker wat in 1987 ingestel is, vir die vierde agtereenvolgende keer verower.

**(Berig vervolg op p 8)**



*Christo Potgieter hou die gesogte trofee trots en dankbaar om hoog.*



*Orators: Phillip Blom, Louis Botha, Jacus Engelbrecht en Johan van Huyssteen.*

## DEBAT '90

**Saterdagoggend, 28 April 1990, Menlopark — Die tyd en plek van die Pretoria-uitdunne van die Junior Rapportryer-debatkompetisie van 1990.**

Die Junior Rapportryerbeweging loods elke jaar 'n hele paar aktiwiteite, onder meer 'n nasionale debatskompetisie vir hoërskoolleerlinge. Hierdie projek wat in samewerking met Nasionale Boekhandel en die Direktoraat Kultuursake aangebied word, betrek meer as 300 hoërskole en pryse wat toegeken word, behels beurse vir studie en prysgeld van etlike duisende rand.

Die uitdunne vir die Pretoriastreek het vanjaar by Menlopark Hoërskool plaasgevind. Vier van ons leerlinge is ingeskryf, twee spanne van twee lede elk. Louis Botha en Phillip Blom het die matrieks verteenwoordig en Johan van Huyssteen en Jacus Engelbrecht, die standerd neges.

Die kompetisie is begin met 'n groot terugslag vir die standerd neges. Die onderwerp ...

Nee, dit was beslis nie 'n swak onderwerp nie! Inteendeel, dit was 'n goedgekose onderwerp wat baie van toepassing is op vandag se jeug, naamlik: "Is die Afrikanerjeug voldoende bewus van interpreneurskap?"

(Die terugslag was dat die twee standerd neges se woordeskat nog nie op diè vlak uitgebrei is om te verstaan wat die woord interpreneur beteken nie — gelukkig kon die twee matrieks hulle help!)

Die Aprilvakansie het begin. 'n Vakansie waarvoor daar groot planne gemaak is vir navorsing en voorbereiding. 'n Tweede terugslag het die vier deelnemers getref! Die vakansie was te kort — nie genoeg tyd vir "jol" en navorsing nie!

Met die gevolg dat dié vier "intense" navorsing gedoen het in die eerste week van die tweede kwartaal.

Saterdag, die 28ste April het aangebreek. Ure van spanning het gevolg, want die matrieks het een tweede en die standerd neges eers vyfde gepraat. Gelukkig gaan dit voor die wind met die twee AHS spanne. Johan en Jacus wen hul debat en Louis en Phillip wen die Pretoria-uitdunne. Louis val die onderskeiding te beurt om aangewys te word as die beste taalhandhawer.

**— Jacus Engelbrecht**

# KULTUUR EN PLESIER!

## Kaptein At se "SQUAD"

**Verlede jaar het die drilpeloton besonder goed in verskeie kompetisies gevaar, waaronder 'n uitstekende tweede plek in 'n landswye kompetisie.**


Dit is dus vanselfsprekend dat daar hierdie jaar weer groot dinge van die drilpeloton verwag word.

AHS het die jaar op 'n redelike lae noot begin toe besef is dat baie van die lede onder verlede jaar se matriekgroep was. Die getalle was dus uitgedun en vinnig het kaptein Oosthuizen begin om nuwe rekrute met "houding" te werf en die getalle het stadig maar seker aangegroei.

Daar is tot dusver ou bewegings opgeskerp, alhoewel sommige dit nog eers moet leer. Republiekdagfeesvieringe het vir die meeste as 'n skok gekom, want daar is gesê dat daar opgetree sou word. Gelukkig het die oomblik van waarheid nooit aangebreek nie en het Republiekdag as 'n doodgewone rusdag verbygegaan.

Die drilpeloton gaan vanjaar nog groot dinge bereik en indien jy moeg is vir jou skoolpeloton, sluit by diè peloton aan en kyk hoekom.

**— Johan van Huyssteen**



**AKPOL-VASVRASPAN**
**Voor:** *Jaco Purchase, Johan O'Kelly en Steph Naude.*
**Agter:** *Kepler Geertsema.*

# Wie skrik nou vir die donker?



*Henk Buchel en Marinda Malberg.*

**Affiemannekyne? Niemand het ooit kon dink dat Affies behalwe vir ministers en prominente figure in sosiale kringe ook modelle sou oplewer nie.**

Na strawwe uitdunne het 'n paar Affie-manne egter daarin geslaag om met hulle flambojante sjarme en charisma vir mev Le Roux (in die modekringe bekend as madame Heksé) die hoofbeoordelaar te imponeer.

'n Spog modebyeenkoms wat met die July perdewedren vergelyk kon word, het plaasgevind op Saterdag, 23 Junie. Tydens die "donker" byeenkoms het matriekleerlinge saam met bekende modelle verskillende tipes klere aan die publiek vertoon. Die Affies het daarin geslaag om 'n baie goeie vertoning te lewer en die sesse is trots op hul matriekmeesters.

Is dit dalk die nuutste Affie tradisie? Gaan Affies dalk in die nabye toekoms bekendheid verwerf as modelle en nie meer as sportsterre nie?

**— Michiel Botha**

# *Kermiswiele begin rol!*

**'n Yslike Affie-kermis word beplan vir Vrydag 31 Augustus en dit beloof om 'n reuse sukses te wees. Projekte word in standerdverband deur die leerlinge, onderwysers en die verskeie ouerkomitees aangepak.**

Soos in vorige jare sal die kruiwa-wedren, wat die jaar deur die prefekte onder leiding van Pierre Kriek en Henry Windell aangebied word, die hoofgebeurtenis van die dag wees en die rande laat inrol.

Soos gewoonlik oortref die matriekleerlinge hulleself weer eens met hulle poging wat 'n koffiekroeg, 'n halfmarathon en 'n "stadige fietsry" insluit ...

Die standerd neges sal fondse bymekaar maak deur onder meer sokkies en 'n gholfdag te reël; kospakkies te verkoop en die motorfietsritte vir die kleinspan aan te bied.

Behalwe vir sleutelhouerverkope gaan die standerd agts pannekoeke en worsbroodjies verkoop.

Die standerd sewes beplan roomysverkope (dis winter st sewes!), poedings, 'n koektafel, 'n beesbraai en outydse foto's.

Met sekere mense aan die stuur is dit te verstane dat die standerd sesse weer die kermis gaan oorneem met al hulle pogings. Die Bosveldwinkel is reeds tradisioneel aan Affie-kermisse en word die jaar weer deur die standerd sesse en Fires aangebied.

Vir Saterdag, 23 Junie, word 'n modeparade met "meesters" as modelle beplan. Verder sal daar kerrie-en-rys, "slap tjips" en worsies verkoop word.

**— Michiel Botha**

# *D-Nag*

**In die dooie uur van die ysige Donderdagnag, wag 30 Affies op drie plekke vir Menlo se "main manne": Ryan, Rifle en Danie se groep by die snoepie, Tooi-hulle by die houtwerksentrum en nog 'n groep by Pannevis-koshuis.**

Die KDDD (Koshuis Dirty (Double) Dozen) en die DDL (Daily Destruction Legion) is gewapen tot die tande en wag geduldig op die teken ...

Half twee, 20 Parkies daag in swart jasse by hul eie begrafnis op — met meel en eiers (vir koekbak?), maar die Affies wag toe nié met tee en beskuit vir hulle nie!

Toe die Parkies se droogmakery begin, skeur twee lang fluite deur die ysige stilte ... en toe sak die son vir Menlo. Skielik bestorm Affies hulle van alle kante af, paniek oorval hulle en hulle slaan op vlug. Die KDD-bevelvoerders, Ryan en Rifle, seil onder hulle in en een Parkie soen die teer. In sy verwardheid "head-butt" hy Beretta se vuis en stamp Ryan se knie met sy rug!

Na nog 'n bietjie oriëntering is hy deur die KDD na die koshuis vergesel vir 'n gratis haarsny.

Ontevrede met sy nuwe haarstyl en met die gesig van een wat gal geëet het, is hy deur staatsamptenare na 'n staatsinstansie geneem vir gratis verblyf!

Menlo se aand was toe nie so suksesvol soos beplan nie. Volgende keer moet hulle liewer die KDDD en DDL se raad volg: As julle met meel en eiers wil speel, doen dit gerus, maar in jou ma se kombuis!

# Blikbreins

### Twee uit Affies onder Top-tien Blikbreinkenners

**Selfs op die snel veranderende gebied van die rekenaartegnologie het twee seuns weer Affies se naam hoog gehou.**

Die twee seuns, Paul van Helden en Dawid Butler, het tot die finale rondte van die Rekenaar-olimpiade deurgedring.


Dit is 'n uitsonderlike prestasie aangesien dit beteken dat hulle onder die tien grootste rekenaarkenners landwyd tel. Die finale rondte van hierdie kompetisie vind tydens die Julie-vakansie in Kaapstad plaas. Die kompetisie vind oor vier dae plaas om die algehele wenner te bepaal.

Dit is egter nie net eer wat op die spel is nie, maar daar is ook groot pryse om te wen. Onder die pryse wat gewen kan word, is daar ook nog 'n rekenaar vir die skool.

Die lof van hierdie groot prestasie kom gedeeltelik aan die Rekenaarklub toe. Die vrugte van jare se toegewyde diens word nou gepluk.

**— H Hoffmann**







PÊREL BOETIEK PEARL BOUTIQUE

**Die Oester · The Oyster**

Winkel 52 Shop,
Brooklyn Mall
Bronkhorst Street
Pretoria 0181
Tel 3463372

Steynsarkade 2 Steyns Arcade
270 Schoeman Str 270 Pretoria 0002
Posbus 3900 P.O. Box Pretoria 0001
Tel. 3220175
3222438

Die Oester het pragtige geskenke in die vorm van pêrelhalsnoere, pêreloorbelle, pêrelhangers en allerlei silwer en goue juweliersware.

**Affie-ouers, -personeel en -leerlinge** kan regdeur die jaar teen 'n spesiale afslag van **-20%** by ons koop

*U moet dit asseblief net noem dat u Affies verteenwoordig om die afslag te kry*



Avroy Shlain

Tel. (012) 98-3866 *Ons bring skoonheid tuis*

**MAGDA MULDER**
**Area Bestuurder**
**Hester van Rooyen**
**AHS kontak (012) 344-3805**

# Algemeen



*"Friends, Romans (?), Countrymen ..."*

## *Encore Affies!*

**Prosa, poësie, drama en dans! Twee maande lank het 22 Affies die saal op Vrydae en Saterdae oorgeneem, en onder die bekwame leiding van Lulu von Wiellig die teaterwêreld aangedurf.**

Lulu von Wiellig van UP se Dramadepartement, Karin Hougardt, 'n paar Tukkie dramastudente en selfs Anneli van Rooyen, het die dogters onder hande geneem ... en siedaar!

'n Spogvertoning! Die kursus is afgesluit met 'n produksie in die skoolsaal wat bo almal se verwagtinge uitgestyg het. Elke dogter het prosa en poësie voorgedra. Daarna kon die gehoor kyk na vier toneelstukke. Dié toneelstukke is deur die dogters **self** geskryf, afgerig, en op die planke gebring. Daarna het die groep met 'n malle gestamp van voete op die maat van Paul Simon gedans.

Vir elkeen wat die kursus bygewoon het, is nuwe deure oopgemaak en nuwe velde is ontdek. Hegte bande is gebind en ons het mekaar leer ken, waardeer en respekteer. Wie sou ooit kon raai dat daar soveel talent in Affies ronddwaal?

Encore Lulu!

Ons maak weer so!




# Staatsgreep

**'n Uitreksel van die saalgebeure, Woensdag 23 Mei 1990:**

As julle dink julle weet wat dit is dié — is julle verkeerd. As gevolg van politieke onrus wat oor die laaste paar dae opgebou het tot 'n uiterse delikate situasie, het ons besluit om 'n staatsgroep uit te voer. Vir die van julle wat nog steeds nie weet waaroor dit gaan nie: die beheer van die skool word oorgeneem en die skool kry 'n nuwe staatshoof.

Ons het as volg te werk gegaan om die skool onder ons beheer te kry: Ons bewaak alle ingange en uitgange. Ons het ook mense geplaas by die telefone en in die afrolkamer en die interkom oorgeneem. Om seker te maak dat julle alles doen wat ons sê, het ons ook beheer geneem oor die twee plekke wat julle die naaste aan die hart lê: die snoepie en die snoepie-agter-die-saal.

Die vorige staatshoof (dis nou Juf. Venter) sit alreeds op Jan Smuts waar sy wag op 'n vlug die land uit. Laat dit dus vir julle 'n waarskuwing wees — ons duld geen teenstand nie. En aan al die trawante, ons is nog lank nie uit vliegtuie uit nie!

Ons is net so opgewonde om ons nuwe staatshoof aan julle bekend te stel as wat julle is om haar te ontmoet. As julle dink dat julle die algemene verkiesing misgeloop het, sal ons julle gerusstel. Julle het nie, want daar was nie een nie! Wie't gesê Affies is 'n demokratiese skool?

Julle word asseblief vriendelik verplig om te juig as sy inkom — indien nie, word alle Chelseabuns opgeskort vir drie maande.

**— Sylna Neuland**

## MASOMESUPA LETSATSI LA MATSWALO LE MOKETE!

**Dit maak nie saak in watter taal 'n mens dit sê nie, maar die sewentigste verjaarsdag van Affies bly 'n fees!**

Die tweede kwartaal is gekenmerk deur verskeie spesiale, "geskiedkundige" gebeurtenisse wat telkens opvoedkundig en verrykend was.

Een van die eerste hoofdogters van Die Afrikaanse Hoërskool (later AHM en AHS) het met die Affie-meisies haar wedervaring kom deel en sodoende elkeen se oë opnuut oopgemaak om al die voorregte wat so maklik as vanselfsprekend aanvaar word, opnuut te waardeer.

Die hoogtepunt was ongetwyfeld Vrydag 4 Mei toe mnr Pretorius (voorsitter van die Oud-Affiebond) en sy eggenote, mnr Edwards van AHS, mnr Taljaard en dr Potgieter, eerste volwaardige hoof van die Afrikaanse Hoërskool, die Meisieskool besoek het.

Tydens die saalopening is 'n stukkie tradisie aan mej Venter oorhandig in die vorm van 'n gedenkboek waarin die geskiedenis van die AHS saamgevat is.

Die boek is deur dr Potgieter oorhandig en hy het later die geskiedenis laat herleef met sy praatjie oor vergange se dae. Die boek word in die opgeknapte mediasentrum van AHM bewaar en kan ongetwyfeld bestempel word as 'n stukkie Afrikana.

Dit was voorwaar 'n kwartaal gevul met kultuur en tradisie wat die verjaarsdag van 'n besondere skool opnuut laat sprankel het.

**— Denise J van Rensburg**

# Leiers span uit ...

**Prefektekampe sal nooit weer dieselfde wees nie. Nie na 1990 se prefekte op 30 Maart by Botshabelo gaan uitspan het nie. Want uitspan was dit beslis.**

Reeds van Vrydagaand af was dit duidelik dat die vyf-en-twintig meisies lus was vir 'n verandering in hulle alledaagse lewe. Behalwe vir aerobics en hárde musiek (ekskuus mev Nel!) was daar vroeg-vroeg al planne beraam wie vir wie die aand met wat sou smeer. As gevolg van spanwerk het die pogings oor die algemeen misluk.

Behalwe vir ses moeg en geïrriteerde prefekte, wat die hele nag deur die vreeslikste geluide geteiter is, het almal 'n goeie nagrus geniet.


Na 'n heerlike ontbyt Saterdagoggend, wat mej Visser vir ons voorberei het, kon ons die dag aanpak. Behalwe vir 'n interessante skeerroomgereg, wat hoofsaaklik deur Susan en Anja oorheers is, en 'n swem in 'n ysige rivier, was daar ook 'n paar lesings wat mnr Kuhn vir ons aangebied het. Dit het beslis bygedra tot die prefekte se verskerpte "aanval" op al wat 'n keppielose Affie is!

Die aand het 'n paar astrante prefekte mev Nel se tas gesteel. Na 'n baie oorspronklike konsert en afsluiting met aandgodsdiens, het die moeë, maar tevrede, Affies gaan slaap.


Sondag was dit oppak en terugkeer huis toe. Behalwe dat mev Heyns se bussie òf kort-kort gaan staan het òf dat 'n paar ywerige meisies heeltyd wou kosmosse pluk, het die terugtog voorspoedig verloop.

'n Hartlike dankie aan mevv Nel en Heyns en mej Visser wat bygedra het tot die onvergeetlike naweek. Die prefekte het dit beslis baie geniet.

**— Mindie Rischmüller**



*... Spanwerk!*



*... die fynproewers*



*Hoofprefek in die takke.*

# *Vivit Lingua Latina ...*

**... is die leuse van die Transvaalse Klassieke Vereniging wat op 14 Mei 'n reuse Latyndag by die Universiteit van Pretoria se amfiteater gehou het.**

Duisende Latynleerlinge van dwarsoor die hele Transvaal het gekom om die "feesdag" by te woon.

Daar was 'n groot verskeidenheid items waaraan die leerlinge kon deelneem, o.a. 'n leeskompetisie (natuurlik in Latyn!) 'n modelbou-; foto-; voordrag- en musiekkompetisie — elkeen met 'n Latynse strekking.

Die st.6 en 7 Affies het 'n eerste plek behaal in die toneelkompetisie vir juniors met hulle Darius et Iulia waar hulle van die liefde (amor), maanskyn (luna) en rose (rosae) vertel het. Die Vestaalse Maagde, of te wel Matrieks, het 'n tweede plek behaal in die musiekkompetisie.

Daar is ook 'n nuwe Klassieke Vereniging gekies wat interessante dinge vir die nuwe jaar beplan.

Na 'n heerlike middag vol "discipuli", "magistri" en "musica", is daar afgesluit met die baie bekende GAUDEAMUS IGITUR!

**— Kato Odendaal**

DARIUS ET IULIA



# MAFIA en KIE

**Groot manne in donker aandpakke met lang sigare in die hand loer onder breërandhoede na die elegante dames op die dansvloer ...**

Op 9 Maart is die Matriekbal gehou en die tema natuurlik — Mafia en Kie! Affies van die Meisies- sowel as die Seunskool het bygedra om van dié aand 'n reuse sukses te maak. Kaartjies teen R5 en R8 onderskeidelik kon reeds twee weke voor die groot aand gekoop word.

In die saal het prente van die 1920's, die tafels met kerslig en die dames en here wat in hul Maffia-en 1920-skeppings deur die saal beweeg het, het die regte atmosfeer geskep. Die musiek waarop die matrieks sommer getango, gebamba en gesokkie het, is deur "Voltage 2000" verskaf.

Aan eetgoed was daar beslis nie 'n tekort nie. Dié wat nie gedans het nie, kon smul aan die heerlike verversings op die tafels wat baie professioneel voorberei is. Daar was ook 'n koffietafel met heerlike soetgoed.

Dit was voorwaar 'n baie genotvolle aand. Die Mafia en Kie doen dit in styl!

**— Kato Odendaal**




# Redaksie

**Redakteur:** Chris Steyn
**Sub-redakteur:** Philip Blom; Herman Stander
**Verslaggewers**
**Kultuur:** Michiel Botha, Anton Müller, Johan van Dyk, Henry Hoffman.
**Sport:** Gustav van der Westhuizen, Abri Venter, Ulrich Kotzenberg, Johan O'Kelly, Erich van der Linde, John L Pretorius, Johan van Huyssteen, Jacus Engelbrecht en Rikardt Kemp.
**Fotograwe:** Gustav van Rensburg, David Louw
**Redaktrise:** Rachel Kruger
**Subredaktrise:** Susan Kruger
**Kultuur:** Phillippa Barnard, Frances Burger, Kato Odendaal, Mindie Rischmüller, Johanneke van der Merwe.
**Sport:** Nicola Joubert, Friedie Jacobs, Donette Boshoff
**Algemeen:** Denise Janse van Rensburg, Anna-Lynne Marais, Ulla Botha
**Foto's:** Susan Kruger, Renzo Fourie, Adine Roode, Nadia van der Walt
**Spotprente:** Cornelia de la Rey

# Oud-Affie van die Kwartaal

**MICHAEL IZAK DE JONGH**

**Tweede jaar BCom (Rekeningkunde) student Universiteit van Pretoria**



**Ek wil graag 'n vertoonvenster wees van hoe 'n student sy studentejare moet benut en geniet.**

In jou studentejare geniet elkeen verskeie voorregte en het jy baie min verantwoordelikhede. Een van hierdie voorregte is beskikbare tyd. Hierdie tyd wil ek graag doeltreffend aanwend om elkeen van my Godgegewe talente te ontwikkel en tot die beste van my vermoë te presteer op akademiese, sport en kulturele vlak.

Ek wil deur my prestasies 'n voorbeeld vir elke ander student stel en aan hulle wys hoe 'n sukses elkeen se studentejare kan wees. Sukses, dink ek, is elke student se voorreg binne sy eie vermoë want dit begin by die "wil" en word in die gemoed gebore.

*" 'n Wenner is nie altyd iemand wat die vinnigste of die sterkste is nie; nee, 'n wenner is iemand wat dink en wéét hy kan."*

## *Stapklub '90*

**Skool is seker een van die ontwrigtendste gebeurtenisse in 'n mens se lewe. Vir diegene wat nog nie tot raserny gedryf is nie, en dit so wil hóú, blyk daar slegs een uitweg te wees: die stapklub.**

Soos 'n wafferse grotbewoner van ouds, is dit net jy en die natuur. Reën, koue en klipharde grondmatrasse is deel van die pret.

Vir Augustus word 'n staptoer in die Magaliesberge in die vooruitsig gestel, en tydens die Septembervakansie gaan die stappers die Drakenberge aandurf. Belangstellende persone kan enige van die huidige stapklublede kontak.

## SÓ LYK 'N WENNER SE CURRICULUM VITAE

**ALGEMEEN**
**Gebore:** Port Elizabeth
**Geboortedatum:** 1970/02/13
**Laerskoolopleiding:** Laerskool Sunridge Park, Port Elizabeth
**Hoërskoolopleiding:** Hoërskool Framesby, Port Elizabeth St 6-8; Afrikaanse Hoër Seunskool St 9 en 10
**Onderriginstansie:** Universiteit van Pretoria
**AKADEMIES**
**Prestasiebeurshouer:** Universiteit van Pretoria
**Studiebeurshouer:** Theron en Van der Poel, Geoktrooieerde Rekenmeesters; Universiteit van Suid-Afrika
**Akademiese prestasies:** Onderskeidingstudent Universiteit van Pretoria: Jaar 1 — 82% gemiddeld; Jaar 2 — 75%; Hoërskool — 83%
Hoërskool (st 6-10): Begaafdeprojekgroep; Probleemoplossingspan; Taalbondeksamen; Wetenskapolimpiade; Wiskunde-olimpiade
**TOEKENNINGS**
**Erekleure vir veelsydigheid:** Akademie en Sport, St 10
**Erekleure vir Akademie:** St 6-10
**Dux toekenning:** Biologie, St 10

**KULTUUR EN GEMEENSKAPSDIENS**
**ACSV:** Bestuur - 1987; "Te Voet Vir Christus" - Individuele geldinsamelingspoging. Hardloop vanaf Kaapstad na Port Elizabeth, (800 km) vir die bou van 'n CSV-kampterrein. Stig Bybelstudie groep, 1988
**Sport:** Bestuur: Universiteit van Pretoria - Tennis (1989); Reëlingskomitee: Suid-Afrikaanse Universiteit - toernooi (1989); Lid: Universiteit van Pretoria Tennisvereniging; Inisieër stigting van Tweekampvereniging; Hulpafrigter: Junior Tennis
**Leierskap:** Klasverteenwoordiger: Universiteit van Pretoria; Hoofseun en Prefek: Laer- en Hoërskool; Ontvang Leierskaptrofee: St 10
**Deeltydse en vakansiewerk:** Ouditspan: Theron en Du Toit; Tegniese Assistent: Argeologie, Universiteit van Suid-Afrika
**Besoeke aan Europa en die VSA:** Spraak skoolgroepe toe oor Suid-Afrika in New Jersey, VSA
**SPORT**
**Tweekamp:** Suid-Afrikaanse Kampioen: Goue medaljehouer, 5 keer; Suid-Afrikaanse kleure (1988, 1989); Presidentspan (1989)
**Provinsiale kleure:** Oostelike Provinsie: Swem 1976-1982; Tweekamp 1978-1985; Atletiek 1985; Landloop 1985; Noord-Transvaal: Tweekamp 1986-1989

**Krieket:** Skolespan na Europa
**Tennis:** Suid-Afrikaanse Ranglys: 25ste (Enkels) 1986; 17de (Dubbels) 1987; Titels: Sunridge Park Mans-enkelkampioen 1985; Belgrave Mans-enkelkampioen 1989; Naaswenner 1988; Noord-Transvaal Geslote Kampioenskap; Naaswenner 1988
**Spansport:** Eerstespan Tennis, Universiteit van Pretoria 1988-1989; Eerstespan Tennis Afrikaanse Hoër Seunskool; Wenners van Noord-Transvaal Hyperama; Eerstespan Atletiek Afrikaanse Hoër Seunskool; Eerstespan Landloop Afrikaanse Hoër Seunskool; Eerstespan Swem Afrikaanse Hoër Seunskool (wen en rekord interhoër)
**Skyfskiet:** Toekenning (bo 80% gemiddeld)
**Ander sport:** Gholf - 10 voorgee; Vlugbal; Rugby; Sokker; Muurbal

**ALGEMENE AKADEMIESE EN SPORT TOEKENNINGS**
**Akademies:** Volle skoolerekleure; Akademiese Erekleure; Dux toekenning: Biologie
**Sport:** Suid-Afrikaanse Kleure: Tweekamp; Provinsiale Kleure: Tweekamp, Swem; Medaljes: Goud, silwer en brons; Tweekamp; Swem; Atletiek; Trofee: Tennis

# 30 Jaar Diens



*Absalom Batolo ontvang 'n goue horlosie vir 30 jaar diens.*

**'n Baie mooi tradisie, wat al deel geword het van elke Affie se leefwyse, is om dankie te sê.**

Ons kon dan ook hierdie termyn twee onderwyseresse en ook ons swart werkers bedank vir jarelange se harde, getroue werk.

— Hulle is mejj Crous en Du Plooy wat elk 'n sertifikaat vir 20 jaar diens ontvang.

— Absalom Batolo ontvang 'n goue horlosie en sertifikaat vir 30 jaar getroue diens.

— Die volgende werkers kry sertifikate vir 20 jaar diens:

Simon Motsene, Jeffrey Morolo, William Mashedi, Peter Macketsi, Andries Molaka, Ruben Mphiwe.

Ons sê vir hulle baie dankie en ons waardeer mejj Crous en Du Plooy en ook ál die werkers se getroue diens!

— **Susan Kruger**

# *Oud-Affie van die Kwartaal*

**Carpe Diem! Benut die dag!**

**Dit is die leuse van ons baie spesiale Oud-Affie van die kwartaal, mev Corrie Schumann, en ook haar boodskap aan elke Affie. Elke dag is 'n genadegawe van ons Skepper — leef dus elke dag voluit en geniet dit!**

Corrie (de Waal) Schumann is op 8 Januarie 1941 in Pretoria gebore. Haar laerskooldae het sy aan die Laerskool Pretoria-Oos deurgebring waar sy die eerste dogter was om die Monica Maritz-skild vir pligsgetrouheid, nederigheid en eerlikheid, te verower.

In St 6 het haar verbintenis met Affies begin, vir vyf jaar voortgeduur en in 1958 geëindig, toe sy aan ons skool matrikuleer. Dit was miskien die einde van haar skoolgaanverbintenis met Affies, maar soos iemand eendag gesê het: "I will be back!", het mev Schumann teruggekeer en definitief in die volle sin van die woord.

Nadat sy haar studies aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi het (BA SOD), het sy by verskeie skole onderrig in Latyn gegee en uiteindelik ook by AHMP.

In 1965 is sy getroud met prof Werner Schumann, ook 'n oud-Affie, en Kern-Ingenieur by UP. Hulle het 5 kinders: 4 dogters en 'n seun — almal suksesvolle Affies en Corlie is ook nog hierdie jaar by ons in St 8.

Mev Schumann is werklik 'n ware Affie. In 1958 was sy dan ook vise-hoofprefek by Affies, later word sy 'n Affie-onnie en nog later hou sy 'n beskermende vleuel oor haar vier Affiedogters. Tans is mev Schumann ook Voorsitter van die Bestuursraad van AHMP en een van die stigterslede van die Bond vir oud-Affies (Guiness Book of Records?).

Onder haar mooiste herinneringe van Affies, tel 'n opvoering wat hulle Latyn-klas in haar standerd 9-jaar aangebied het, naamlik Vroue aan Troje. Latyn was dan ook nog altyd haar eerste liefde, sê mev Schumann, en haar Latynonderwyseres, mej Agnes Holtzhausen, het dan ook 'n groot invloed op haar as mens gehad. Iets wat ek seker is elke **Stroom-op** leser baie interessant sal vind, is dat mev Schumann een van die lede was van die komitee wat in 1956 die eerste skoolblaadjie uitgegee het. Hulle het dit die A-Hempie (AHMPie) genoem en dit was aanvanklik slegs 'n poging van die Meisieskool. Die volgende jaar het die twee skole egter kragte saamgespan en die blaadjie het 'n nuwe naam gekry. Hulle moes die blad self tik en met die hand afrol, sê mev Schumann, en so tussen die ou afrolmasjien en die blok ink deur, het dit soms maar morsig gegaan.

Mev Schumann onthou met liefde ons Skoollied en dra dit steeds in haar hart, om dit uit volle bors saam te sing wanneer die geleentheid hom voordoen.



*Mev. Corrie Schumann en haar eggenoot, prof. Werner Schumann.*

Tans is mev Schumann dosent in Latyn aan UP. Sy het laasjaar begin met 'n Schola Latina waartydens 5 dosente vir 300 laerskoolleerlinge Latyn as voorbereiding vir die Hoërskool gee. Sy reël ook jaarliks 'n SPQR-dag vir alle Latynleerlinge oor die hele Transvaal by UP. Hierdie jaar was daar 1 200 leerlinge. Mev Schumann is betrokke by die Voortrekkers; die Vrouehulpdiens van die Kerk en dien ook op die Vakkomitee vir Latyn.

Vir ontspanning luister sy graag na klassieke musiek, gaan graag na simfoniekonserte en is ook baie lief vir koormusiek. As sy dit kan inpas, sing sy graag self in 'n koor.

Na 'n reünie van hulle matriekklas van 1958, skryf mev Schumann die volgende:

"Opnuut besef ons watter erfenis ons vanuit die bastion van die Afrikaanse Hoër Meisieskool met ons saamgedra het. Hierdie erfenis is vir ons van Ewige waarde. 'n Rykdom waaruit ons daagliks put en 'n "Fonds" waarmee ons die "onkostes" op ons lewensreis "finansier".

Liewe Tannie Corrie, ons Affies het tannie leer ken as die dierbare tannie, met die groot hart en die mooi glimlag. Baie dankie vir Tannie se bydrae en ális wat u oor die jare vir Affies beteken het.

Ons sien haar wen!

— **Johanneke van der Merwe**

## N Tvl-Kleure

Pierre Kriek word in die Noord-Transvaal Muurbalspan gekies.

— **Johan O'Kelly**

# Al singende Be"koor"ende

— Frances Burger

**Die koor het soos gewoonlik, weer hierdie kwartaal op hoë note weggespring! Maar anders as die eerste kwartaal, was daar hope harde werk en baie kompetisies voor die deur. Gelukkig maak die koorleidster, mev Elmi Kruger, dit vir elkeen 'n fees om in die koor te sing. Met entoesiasme en geesdrif is die kwartaal aangepak en werklike hoë hoogtes is bereik.**

**Die hoogtepunt was natuurlik die Applous-kompetisie wat 12 Mei in die Unisa gehoorsaal plaasgevind het. Daar het die Affiekoor weer eens die skool se naam hoog gehou deur met die louere weg te stap. Hulle was die enigste koor wat dié aand 'n goue toekenning ontvang het.**

**Wat meer is, is hulle gekies as een van die sewe skole wat die beste gevaar het in Applous 1990 en uitgenooi is om Saterdag, 8 Julie in die Unisagehoorsaal op te tree. Die skole wat saam met die Affies deelneem, is Hoër Meisieskool Helpmekaar, Oranje Hoër Meisieskool, Hoërskool Windhoek, Hoërskool DF Malan en 'n gemengde- en 'n dogterskoor van die Hoërskool Stellenbosch.**

**Kaartjies sal vanaf 8 Junie beskikbaar wees by Computicket en dit beloof om 'n groot aand te wees wat die Affieouers nie moet misloop nie.**

**Verder was die koor ook die 17de Mei Vereeniging toe om aan 'n TOD-musiekfees deel te neem en die 9de Junie by Wonderboom vir hulle koorfees. 12 Junie is die Direkteurstrofeekompetisie ook in die NKP-saal gehou.**


**So al singende, het die koor baie mooi dinge beleef, soos die kerkdiens by die Paul Krugerkerk met die 200 ste bestaansjaar van hul kerkorrel en preekstoel — 'n geleentheid wat nie maklik vergeet sal word nie.**

**Dan is daar die wonderlike vooruitsig van 'n moontlike toer na Europa in die 1991-Julievakansie! Asof dit darem nou nie genoeg is om die Affies weer van vooraf hul stemme te laat verhef nie! Met baie groot geesdrif word daar nou al beplan en vergaderings gehou oor hierdie toekomstige geleentheid.**

**Die eer het die koor te beurt geval om 23 September in die Staatsteater by TRUK se koorfees op te tree. 2 September sing hulle in die St Alban's Katedraal en 'n gesamentlike konsert saam met AHS, PBHS en PGHS, vind op 25 en 26 September plaas.**

**Om 'n koor-Affie te wees, is voorwaar een van die grootste ere wat jou te beurt kán val. Deur al die lief en leed wat saamgedeel word en al die heerlike ondervindings, word daar steeds nader aan die Skepper geleef wat die unieke geleentheid gee om Sy naam te vereer deur sang.**

# Potjiekos of Poësie?



**Dat daar skryftalent in Affies is, is definitief 'n feit. Die poësiekompetisies van die Hoofstadkultuurraad het dit goed en deeglik bewys die afgelope drie jaar.**

Maar net soos hokkie- en netbalspelers moet oefen, moet aan skryftalent gewerk, geoefen en geskaaf word. Dis dié dat die prosa- en poësiewerkswinkels ontstaan het.


Die jaar het op 'n hoë noot afgeskop met 'n besoek van dr Tom Gouws, Afrikaanse dosent aan UP. Wie het geweet dat gedigte skryf soos potjiekosmaak is? (As die akademici so sê, is dit seker so.) As gevolg van die groot belangstelling en die verskillende velde wat gedek word, het die prosaïste en die digters se weë daar geskei.

Die poësiegroep se werk het interessante onderwerpe gehad — ons moes oor waatlemoene en selfs onbekende woorde skryf. (Titels soos "animus" en "podesta" het uitgekom.) Tussen Marie-beskuitjies, Mozart en Barclay's Plein het ons tog aan poësie gewerk, daaroor gesing, gefrons en ook gelag.

Die poësie- en prosawerkswinkels is die ideale geleenthede om jou werk anoniem in te handig en dan 'n objektiewe opinie daaroor te hoor. Dit is meer as werkswinkels, dit is in werklikheid 'n groeiproses.

Daar is snaaks genoeg min manne (nou niks) by die werkswinkels. Kom gerus — alle kreatiewes is welkom. Vind meer uit by mnr Heyns (AHS) of mev Heyns (AHMP).
**— Phillippa Barnard**

## Fortukssimo, Bellissimo!



**Al ooit gehoor van Fortukssimo?**
Die sanggroep van Tukkies het met hul streephemde en hul soet stemme die Affie-meisies behoorlik aan die lag gehad, want hul sing nie net sommer nie. Nee, hulle kan tone punt óók!

Daar was só baie meisies, dat die standerd neges moes bontstaan om al die kaartjies geskeur te kry.

Die manne het Affies met heelwat blosende gesigte en opgewarmde stembande agtergelaat, om nie eers te praat van die lagspiere nie.
**— Ulla Botha**


# VAN GOGH

**Vanjaar is Van Gogh-jaar; die skilder word vanjaar vir sy uitstekende werk vereer. Daar word selfs opvoerings en uitstallings van die impressionis in Europese stede gehou.**

Maar wie was Vincent? Uit 'n redelike ryk familie met groot kunsinvloede, was die jong Van Gogh van vroegs af aan met die kunste bekend. Hy het egter in 'n museum gewerk waar mense slegs die afdrukke gekoop het.

Hy het gou die "bourgoïse" gevoel van sy medemense ondervind en homself tot die teologie gewend. Mense het sy geskrewe preke bewonder, maar Vincent kon self nie 'n goeie preek voordra nie.

Hy was met die plattelandse, arm mense gefasineerd en het by hulle op die plase en myne gaan woon. Op 'n laat ouderdom neem Van Gogh skilderkuns op en beeld hierdie "patetiese" figure uit.



51. VINCENT VAN GOGH. *The Garden of the Presbytery at Nuenen, Winter.* 1884. Pen and pencil. 15¼ x 20¾". National Museum Vincent van Gogh, Amsterdam

'n Af oor is sinoniem met Vincent van Gogh. Mense mag sê hy was mal, maar deur liefde vir een van sy vriendinne, het hy dit aan haar geskenk. Sy het hom egter afgejak en van toe af verder, was Vincent 'n ongelukkige en depressiewe mens.

Een van sy boesemvriende, Gaugin, het hom ook teleurgestel, en Van Gogh het vir niks meer kans gesien nie en uiteinheid van sy sipresbome wat hy as simbool van sy eie lewe gebruik het, het losser en flambojanter geword. Miskien uit frustrasie. Al die dinge het op sy skouers geleun delik het hy homself geskiet.

'n Jaar later praat die mense van Vincent van Gogh se treffende werk ...

*Jy het as 'n miskende heilige vergeefs geveg teen die ellende en die onreg in die krotte van die myn; in agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn en skriklike stryd van God leer ken, wat mense en boom verknot in sy kramptrekke; maar eers toe jy die horinggerwe in aanbidding van die son kon kerwe, boere, wasvrouens en gepynigde gesigte, die hartelende landskap in die snelle ligte geel en groen en blou — alles met koorsige gevlek tot branding van die skone kon verwek, toe is sy hartstog eers in joue volbring; soos groen sipresse tot 'n vlam verwring.*

Vanjaar is Van Goghjaar. Iets in die ryke geskiedenis van kuns wat 'n unieke plek sal beklee.
**— MJ Lourens**

# *Doeppa 'Disco' by Bergsig*

**— Herman Stander**

**Saterdag, 5 Mei, toe almal in spanning wag vir die eerstespan om Waterkloof te trap moes vyftig teleurgestelde maar tog opgewonde Affies op die bus klim om aan 'n koorfees by Hoërskool Bergsig op Rustenburg te gaan deelneem.**

Met die aankoms, is die Affies welkom geheet deur deel te wees aan die massakooroefening wat die aand sou afsluit. Hierna het die Affies tyd gekry om hul items te oefen, en het toe 'n heerlike middagete genuttig. Daar is dadelik nuwe vriendskapsbande gesmee met skole tot so ver as Orkney.

Die aand was 'n reuse sukses en die seuns het die mense gewys dat dit nie net meisies is wat kan sing nie. Die items wat hulle gelewer het, was: 'Heilig, heilig'; 'Castle on a cloud'; 'Charlie is my darling'; 'Anything but lonely' en 'The first man to remember'.

Die massakoor het afgesluit met: 'Hier's my hand'; 'Verwerkte Afrikaanse Volkswysies' en 'Fill the world with love'.

Die meisies van Bergsig het dit toe goed gedink om 'n bietjie kleur aan hul sokkie te gee, en het die Affies uitgenooi om dit te gaan bywoon. Meneer Du Plessis kon hom egter nie inhou nie en het homself jonk gehou en sy rukken-rol passies op die dansvloer uitgehaal.

Om twaalfuur moes die Affies huis toe en dit was ook om en by die tyd toe die partytjie opgehou het. Die seuns het spontaan afgesluit met 'Die Affie boys' en die kreet.

Dit was die tweede Bergsig koorfees waaraan Affies gaan deelneem het en dit was weer net so lekker as die vorige keer in 1988.

Die koorfees was regtig 'n belewenis en dit is iets wat die koormatrieks sal mis.

# Juffrou Fires word 65!




*Brig R. van Vuuren in gesellige luim tydens sy vrou, beminde en "berugte" tannie 'Fires', se verjaarsdagviering in Affies se Mediasentrum.*


**Mondanette Slaghuis**


**Tel 45-5701/45-5841 (w)**

**Tel 545-0871 (h)**

**Kalkoenstraat 78**
**Monumentpark Uitbr. 2**
**PRETORIA**



*Danie Ferreira*



WAGWOORD?





*Só speel die manne ... en meisies ...*



*Mooi afgeskryf ...*



MIS!



TÉ LIEF VIR RUGBY?



HEIL FRAU NEL!



Êrens brand 'n bus



HOE LAAT IS AEROBICS NOU WEER??




GEE!!





*Sopkombuis*






Uitslae eers Desember





RAMBO!



DIE SON PLA IN KAMER 40!!

AKADEMIE EIS SY TOL ...








# Affies kan in Engels debateer

**Op 11 Mei 1990 het 'n paar Affies, waaronder Ryan van Heerden en Andrew Salomon, aan 'n Engelse debatsaand by die Afrikaanse Hoër Meisieskool gaan deelneem.**

'n Hele paar Affies het as ondersteuners opgedaag, met 'n paar juniors van die meisieskool in die meerderheid.

Verskeie skole het deelgeneem waaronder Girls High, Boys High en St Albans. Oor die algemeen was die Affies maar bietjie skrikkerig om die Engelse op hulle taalgebied aan te vat. Die onderskeie spanne het goed teenmekaar opgeweeg alhoewel die besprekingspunt soms byster geraak is.

Pouse is verversings bedien en hierdie keer was die Affies beslis nie net daar om aandete te geniet nie. Aan die einde van die aand het die Affies gevoel almal het iets nuuts geleer en verryk teruggegaan huis toe.



*Die Antwoord op Die Vraag word voorberei.*



*Is genadedood reg? Meisies van DSG is druk in gesprek.*

# Oud-Affie - Boys High Dinee

Die plakkate het 15 Junie aangedui as die datum van ons fees in die Pretoria buiteklub. Chris van Zyl, Gordon van der Spuy, Laurie Botha, Louis Taljaard en Nico Dekker is die manne wat die reëlings getref het.

Na 'n kwartier het dit gegons en dit terwyl die manne nog rondstaan en kennis maak, mekaar herken en groepies maak wat met 'n 'sosiale losskrum' vergelyk kan word.

Die heildronk het glad verloop. Tertius Spies is die seremoniemeester en dr. Daan de Klerk my gas en ons geheime wapen. Die nuwe hoof van Boys High, mnr. Bill Schroeder gesels maklik.

Hy is aangenaam verras met die Pretorianers, "dit is mos harde politiek en rugby wat hier gespeel word". Hy is uit die veld geslaan met hierdie hartlikheid tussen die Galle en die Affies. Volgens hom 'n unieke verskynsel in die RSA.

Hy meld hoe mnr. Kruger hom verwelkom het en hoe mnr. Terblanche hom kom besoek het. Die ete is kwantitatief en kwalitatief in die kol en meer as 200 manne (meer as 66 persent Affies) eet met smaak.

Dr. Pierre Edwards is hoofspreker en hy gesels. Die feite oor die tradisionele botsings en die statistiek rol in interessante reëlmaat.


Die manne lag want dit is snaaks — die manne gesels terug en hy stuur die "youngsters", die manne van die tagtigerjare bed toe — want dit is al amper 10 uur — tjoepstil na die applous. Die voorspelers loop geweldig en genadeloos deur. 'n Paar spelers uit die gehoor wil die ervaring herstel maar die man met die mikrofoon teken die punte aan teen hulle.

Plek-plek moet die geskater eers tot bedaring gebring word. Bill kon nie glo wat hy beleef het nie. Norman McFalen (vir Ierland gespeel) die Galle se afrigter, deel net so hier en daar in die genotvolle sêgoed, want ek kan nie vinnig genoeg vertaal nie.

Rog Hoggan (Poerie se eweknië), lag soms onbeteuld saam — hy het nog nooit so 'n klomp boere beleef nie. Vyf en veertig minute later (sonder 'n enkele nota) word Pierre staande toegejuig.

Die getekende Boek, "Die AHS en sy mense", word uitgeloof en 'n Gal wen dit maar skenk dit aan Pierre — wat op sy beurt onselfsugtig verklaar dat die boek na die AHS-argief gaan. 'n Bal word opgeveil vir die eerste keer en sal voortaan 'n instelling wees — 'n nuwe tradisie is gebore. Mag Affies en Boys High vir altyd leef.

**— Jan Pretorius Voorsitter**




# Reünie van voormalige AHS-eerstespanafrigters

## Woensdag 20 Junie 1990

'n Reünie van voormalige eerstespanafrigters en die teenwoordigheid van twee oud-hoofde, mnre. JDV Terblanche (1970-73) en NC Roesch (1974-84) het heelwat luister aan die verrigtinge verleen. Watter voorreg was dit nie om hierdie ringkoppe uit verloë dae oor die geskiedenis van Affie-rugby te hoor gesels nie!

Uit die talle staaltjies en kwinkslae is dit duidelik dat die ouderdom hulle nog nie ingehaal het nie. As blyk van waardering van die skool, het elk van die afrigters 'n feesdas ontvang. 'n Klein erkenning aan manne wat Affies tot die voorste rugbyskool in Transvaal uitgebou het.




**Voor:** Duif van der Merwe (1981-84); Dawid Langley (1977); Francois de Vos (1972-73); Hein Raath (speler 1970-71, afrigter 1979); Dirk de Vos (1975-78); Stephen Gouws (1976).
**Middel:** Ben Bischoff (1965); Sakkie van den Heever 91970-71), Tom Boshoff (1947-48, 1950-53), Bags Cilliers (1944), Hermann Davin (1948-49); Piet Bosua (1953-55, 1958-59, 1962).
**Agter:** Pierre Edwards (speler 1970: afrigter 1987-88); Alex de Jager (1962); Hennie Kruger (1972-73); Classie Classen (1967-68); Piet Knipe (1974-75).

*Polfyntjie*

**Tuisnywerheid (S.J. Hattingh)**

Menlogebou
13de Straat 73B
Menlo Park
Tel: (012) 46-7317

**Kom Gee vir my Polfyntjie**
(C.Louis Leipoldt)
*Kom gee vir my polfyntjie,*
*Dit maak nie saak nie wat,*
*Die kleinste, nietigste lyntjie*
*Waardeer ek as 'n skat.*
*Koop wat jy wil, by smouse,*
*Penswinkeltjies, net wat*
*Jy kry in Krismiskouse —*
*Dit bly vir my 'n skat.*




## LAAT BERIG

Leerling en afrigter: vereer Christo Potgieter (vyfkamp) en mnr. Hennie Kotze (afrigter) is deur die N.T.A.A.U. vereer met die Prestige toekennings vir uitsonderlike prestasies gelewer in die 1989-1990 atletiekseisoen.

# Jesus is Koning

**Om 'n kind van die Skepper te wees is wonderlik, veral as jy lid van die ACSV is en dit terwyl die ACSV so geseënd is.**

In die ACSV is daar groot dinge besig om te gebeur. Van verlede jaar af het die getalle van die ACSV met rasse skrede toegeneem. Dit kan ook nie anders nie. Die groep Christene kom elke pouse bymekaar waar hulle God loof en prys met samesang en deur interessante praatjies oor die Christelike lewe.

Die mense wat dink dat die ACSV vervelig is of na 'n ruk vervelig word, maak 'n groot fout. Daar word gereeld in die oggende voor skool by die Meisieskool Bybelstudie gedoen en die seuns kom ook elke Vrydag naskool bymekaar.


Die Skepper is verseker besig om in die ACSV te werk, en dit is 'n feit, want elke keer as die ACSV bymekaar kom, is daar 'n paar nuwe gesigte. Die ACSV beoog om 'n Sendingweek net na die vakansie te loods. Dan gaan die wiele rol, want as 'n ACSV-lid eers op 'n ander maat se spoor is, dan los hy hom nie voor hy hom vir Jesus gewerf het nie.

Enige iemand wat nog by die ACSV wil aansluit, is baie welkom. Kom val net in en word deel van die liefde van Jesus.

Jesus IS Koning. Laat ons altyd weet Hy is ons Koning!

**— Johan van Dyk**

# HUMOR



*Die Nonnas*

# En dit??



# Is jou Onderwyser hier?

**Rolprente & TV:**

- Tannie Venter (koshuis): Floyd on food;
- Mev (Expo) Smit: My Science Project;
- Mev Van Vuuren: Mississippi "Burning";
- Mnr Van Wyk: Weird Science;
- Mnr Nel: Dead Poets Society;
- Mnr Voges: Bloodsport;
- Mnr Edwards: The man who saw tomorrow;
- Mnr Burger: Wild live on 1;
- Mnr Du Plessis: Scrooged;
- Mnr Kriek: Look who's Talking;
- Mnr Swan: Nerds' Vacation.

**Musiek:**

- Juffrou Naudé: Moon River;
- Oom Carl-Heinz Venter: Sowing the seeds of love;
- Mnr T van der Walt: Heavy Metal;
- Mnr Kotze: Die kat kom weer;
- Mnr Greyling: Get into my car;
- Mnr Gordon: I Quit;
- Mnr Deysel: Reach;
- Mnr C Krüger: Midnight Man;
- Mnr Van Huyssteen: When "Smokey" sings;
- Mnr Oosthuizen: Stop! Stop! Ek is 'n spietkop!
- Mnr Swan: Woodspeckers from space.

**Kunstenaars:**

- Mnre Heyns, Le Roux, Jordaan, Koeglenberg: New kids on the block;
- Mej Naudé: Kimera;
- Mnr Visagie: "Bles" Bridges;
- Mnr Roux: "Art" of noise;
- Mnr Swan: Woody, the Woodpecker;

**Sê goed:**

- Mev Van Zyl: Dingetjie ... eh Japie.
- Mnr Kruger (Hoof): Manne, hier kom 'n ding.
- Mnr Van Rooyen: Julle suurstofdiewe.
- Mnr Kriek: Hou jou varkies bymekaar.
- Mnr Theron: Kollegas.
- Mnr Van Wyk: Dit kan jy maar self gaan oplees.
- Dr Edwards: Affies is 'n skool ryk aan tradisies.
- Mnr T vd Walt: Moet ek julle soos kinders behandel?

**— Opgestel deur 'n paar senior leerlinge.**

# Affies Aardedag

**3 JUNIE 1990**

**Aandag alle lede van die omgewingskomitee!**

Wie het gesê dat alle AFFIES gedurig morsjorse is? Wel, ons het diegene verkeerd bewys op die derde Junie, want die **nuwe osoon- en natuurbewuste Netbalaffies Nonna** — het op die toneel verskyn. Om dit te bewys, volg net die 35 pare arms op die foto hiernaas, en wat sal julle vind?

"Papiere"?

Nee. Korreksie — Rommel!

"Wat julle waar kry?

In Magoebaskloof in ons skone Oos-Transvaal, natuurlik!


"Werklik?"

Absoluut. Elke NETBAL-AFFIE het haar deel gedoen om ons immergroen denneplantasies te bewaar en te bevry van besoedeling en 'n moontlike osoondood.

Affies, ons as netbalspeelsters doen 'n beroep op elkeen van julle om 'n bydrae te lewer in ons omgewingsbewustheidsveldtog.

Onthou — papier ontsier die natuur!

**— Lilanie Brenkman**



## HOU AFFIES SKOON!

# *Sêgoed van die Juffrouens*

- Mev Van Staden: Don't make me deurmekaar.
- Mev Viljoen: Mense, dis eenvoudig.
- Mev Swart: Wil jy strafklas sit?
- Mej McLean: Naalde en spelde kan nie praat nie.
- Mej Anderson: Trek gou aan, mensies.
- Mev Raath: Kan ek julle maar onderbreek?
- Mev Geldenhuys: Jy maak my naar.
- Mev Heyns: Kom mensies, dit tyd vir 'n bietjie breingimnastiek.
- Mej Vink: Jou brood, dit net piep!
- Mev Prinsloo: Jy pik verward rond, poppie!
- Mej Geer: Nee, maar die saak is reg.
- Mev Hauptfleisch: Nê. ('n Hele mondvol, nê).
- Mej vd Westhuizen: Pasop net vir spiere skeur.
- Mev Coetsee: Julle daar agter!
- Mev Burger: Jy kan nie lieg in Wiskunde nie.
- Mev Greeff: Dogters, kom ons wees vandag positief.
- Mev Lombaard: Julle is te jonk om te dieet.
- Mev Roodt: Het jy 'n tweelingsussie?
- Mej vd Merwe: Dogters, julle stel my nou teleur.

# Sêgoed uit die Latynklas

**(Nie die juffrou s'n nie)**

**Uit die st.10-klas:**

— 'n Uitlating oor die mediese beroep: "As 'n mens 'n spesialis is, is dit baie maklik om kinders te hê".


— "Dit neem jare se oefening om swak punte te kry".

— "Wat is die datum van die sewende Julie?"

— "Karate was my lewe voordat ek met klavier begin het".


**Uit die st.9-klas:**


— 'n Uitlating oor 'n T-hemp (medium) wat twee jaar gelede nog gepas het: "Ek lyk nou soos 'n kroegmeisie daarin". Dieselfde persoon oor 'n baie dun T-hemp met 'n motief aan die voorkant: "'n Mens kan net sowel 'n tatoëermerk op jou maag dra".



*Kyk! Ek het ook 'n huis!*

# BABS ... oudste en mees bedorwe leerling in Affieland





# Die avonture van Vink en Vennote — 'n Verbeeldingsvlug

*(In alle respek vertel)*

*EPISODE 1*

**Hierdie is 'n verhaal uit die hart van Affie-land. Ons vier goeie, dapper en onverskrokke vriendinne beleef telkens senutergende avonture wat ons graag met julle wil deel.**

Eerstens het ons die berugte aanvoerder, Machelle Vink. Tweede in bevel is Tersie Bosman met Des McLean en Lizette Lombaard agterna. Hulle gunsteling tydverdryf is om die vinnigste en waaghalsigste jaagtogte teen die traprelings af te neem. Hierdie prosedure is baie goed beplan en reeds vervolmaak, want sien, Vink en Vennote laat hulle nie vang nie!

Die prosedure werk as volg: Des beman die uitkykpunt aan die onderpunt van die trap voor die hoof se kantoor. Op haar pos aan die bopunt van die trap staan Machelle gereed om enige ongewenste elemente die hoof te bied. (Net die vonkel in haar oë verraai dat sy nie nou die streng onderwyseres is wat julle leer ken het nie.)

Lizette se geoefende oog inspekteer die glyplank sorgvuldig. (Sy wil darem nie verongeluk nie, ek meen, wat sal Liefie sê?) Dan gaan sy versigtig sit, gereed om weg te spring. Tersie staan gretig nader om haar 'n hupstootjie van agter te gee. Vlugtig vryf sy haar handpalms teen haar sweetpakbroek droog. "Okay, Tersie ... Nou!" Die fonteintjie op haar kop staan styf in die wind en wip-wip 'n paar keer as sy grondvat.

Des glimlag samesweerend, maar neem dan weer haar ongeërgde pose in. (Hulle kan nie kanse waag nie, Tersie moet ook nog 'n beurt kry.) Dadelik neem sy dan ook posisie in, en trek weg. Maar, o wee! — sy vorder nie eens halfpad nie toe 'n waarskuwende geluidjie van Des haar ore bereik: "Spring af! Mevrou Nel!"

Onmiddellik reageer sy, waarop Michelle nuuskierig, dog bekommerd van bo af oor die reling loer. (Sy's bang dat hulle planne dalk hierdie keer gefnuik gaan word.)


Dis dan ook geen vals alarm nie. Mevrou Nel kom ewe rustig vanuit die rigting van haar kantoor aangestap. "Goeiemôre, Mevrou Nel!" groet al vier in 'n koor, miskien effens oorvriendelik.

Mevrou Nel se gedagtes: Mejuffrou McLean kan deur 'n ring getrek word, soos gewoonlik; Mevrou Bosman lyk effens gejaagd en mevrou Lombaard soos 'n stout skooldogter — niks nuuts nie. Maar waarom sou mejuffrou Vink dan soos 'n vlermuis onderstebo oor die trapreling hang?

Hulle kom nie agter dat sy hulle ietwat geamuseerd antwoord voordat sy verder stap nie. Machelle rek haar oë ondeund en sluit vinnig by haar vriendinne aan. "Dit was 'close' — soos die meisies sou sê!" Al vier bars hartlik uit van die lag.

Kandassie
Tuisnywerheid
Hatfield Plaza
TEL: 43-4680
Mev. H. Swanepoel

Sport Sport Sport Sport Sport Sport Sport Sport Sport Sport Sport Sport




*Ons speel so lekker netbal, want ons EET so lekker!*

# Sportweni

— **Ulla Botha**

**Donderdag 12 April vertrek netbal-Affies in goeie gees en 'n geverfde bussie Netbal toe. Om meer presies te wees, Sportweni toe.**

Die Affies het feitlik die hele Natal op horings gehad. Donderdagaand het Margate se vakansiegangers 'n dansles gekry en Vrydag het alle Durbanners kennis gemaak met die Affie-eetlus, toe Pizza-hutte, Wimpy's en roomyshoekies oorgeneem is deur tien honger netbalspeelsters én hul twee afrigters.

Saterdag het die Affies skielik onthou hoekom hulle eintlik in Natal is, en moes hulle hard speel om hulle staal te wys. Hulle harde werk is beloon met 'n "prettige" sosiaal, waar die seuns se voete onder hulle uit geslaan is!

In die daaropvolgende week het die Affies hard geoefen, baie taktiek geleer en heelwat ontspan, sodat hulle taamlik bruingebrand en baie styf teruggekeer het na 'n saai Pretoria.

Wie het gesê netbalspeel is net harde werk?

## Sportweni "sports"

**Stel jou voor ...**

- 'n Adele wie se "vlam" geblus is én dat sý kan lag sonder om te gil!
- Eone wat ongeduldig raak en dalk begin "drip" — want sy is nog 'n "kinners", en nat agter die ore, of nie?
- Crizelle wat nie oor haar eie enkels val as sy probeer om te "vlieg" nie — die "vére" maak mos die voël ...
- Elmarie wat 'n bal raak vang — niks wat goeie "medisyne balle" nie reg kry nie!
- Lizel wat ons iets vertel sonder om LB daarby te betrek ... en dat sý sal opgee!
- Lilanie wat selfsugtig is en kyk waar sy gooi ...
- Ulla sonder 'n humeur en nie in haar agterkop aan die akademie dink nie!
- Louise wat "gesond" is ... mét reguit vingers?
- Lezanne wat haar spook nie groet nie of nie in stilte haar bewonder aan ... nie.
- Elouise sonder haar indocid gel.
- Juanita as 'n juffrou én wat nie by laatkommers boetes insamel nie ...
- Juffrou Danielle wat haar vir ons vererg!

— **Elouise Taljaard**

# *Hokkie bo!*

**Hokkie in Affies is 'n voorreg en 'n uitdaging want dis nie 'n maklike sport nie. Daar is vir meeste hokkiespelers nie 'n meer opwindender gevoel as om iets baas te raak, 'n doel in die doelhok te sit of om 'n doel suksesvol te verhoed nie.**

Hokkie is 'n spel wat die moeite werd is om gespeel te word, 'n spel wat die moeite werd is om góéd gespeel te word.

Zatopek, 'n wêreldberoemde middelafstandatleet en goue-medalje wenner op die Olimpiese Spele, het gesê: "It was otherside the barriers of pain that I discovered the real me".

Namens al die Affies wil ons net vir Riëtte Laas wat die O/15 N-Tvl eerste span behaal het, asook Retha van Niekerk wat vir die O/16 N-Tvl eerste span gekies is, gelukwens.

Sport, word gesê, is die oefenveld van die lewe, maar as ons oorwinning ten koste van alles ons doel maak, dan het ons reeds baie verloor. Ons is nie verneder as ons verloor het nie en die gesegde "dis moeilik om 'n goeie sportman te wees want jy moet eers verloor om dit te bewys", is baie waar. Daarom is dit noodsaaklik dat ons sal onthou dat 'n wenner nie net moet wens vir oorwinning nie, maar hy moet die wil hê om te wen. Dit kos soms baie uithouvermoë, waagmoed en opoffering om die laaste vyf minute uit te hou, maar dis goed om te onthou dat meeste wenspanne hulle wenpunte in die laaste 5 minute behaal het!

*GOOD, better, best! I shall not rest, till my good is better and my better is best.*

— **Anneke Burger**

## LANDLOOP



*N-Tvl Landloop: Marie-Louise du Toit en Suzanne Cullen.*

# Tzaneen Netbaltoer

**Vrydagoggend, 1 Junie, het 39 Affies, drie ouers en drie onderwyseresse op 'n hoë noot vertrek na Tzaneen en Pietersburg en met die vooruitsigte van 'n naweek vol netbal, hoe dan anders?**




*Die o/15 A-netbalspan onder leiding van mev Cloete ná 'n wedstryd teen die Hoërskool Ben Vorster.*

Vol entoesiasme en met genoeg padkos vir 'n leër, was die pad in 'n japtrap verby. Seesiek Affies het egter met wankelrige bene Pietersburg betree, maar geen simpatie is deur die ewig-verfrisde onderwyseresse betoon nie, soos dáárdie deel van die anatomie kon getuig na die hobbelrige pad. Na al die skyfies en liters gaskoeldrank, het Hoërskool Pietersburg skoonskip met die doele gemaak, almal behalwe Elna se tweelingdoel wat 2 punte getel het.

Die Ben Vorster-koshuis in Tzaneen was 'n ware oase vir al die moeë, voetseer Affies. Dit het ons batterye herlaai, genoeg vir 'n veelbesproke aand in die dorp — dié keer kon nie eens 'n kragonderbreking in die "Spur" ons geesdemp nie. Altans, so getuig die onderwyseresse oor ons slapeloosheid die nag.

Saterdag het uitgestrek gelê met 'n vol program wat gewaarsku het dat ons die nag soos klippe sou slaap: netbal teen die Handelskool Tzaneen; rugby; netbal teen Ben Vorster en laastens 'n verrassingsaanval wat geloods sou word op Die Eiland se warmwaterbronne en ontspanningsgeriewe.

Die gebrek aan toeskouers het ons almal egter opnuut ons maats en ouers se aktiewe deelname by ons skool en sportgeleenthede laat waardeer. By Die Eiland het ons geëet, gespeel, ontspan, geëet ... en o ja, geëet! Die groot honger was na aanleiding van juffroue Vink en Heyns se energieke en ... interessante bewegings op die trampolien!

Mevrou Cloete sal egter sekondeer as ons voorstel dat, na al die wagmaaltye wat ons genuttig het (vier in totaal), oom Buys tot bobaasbraaier genomineer moet word.

Ons het die aand ywerig die plattelandse sokkie by Die Eiland bygewoon, net jammer ons móés stil-stil wegsluip sodra 'n walsie begin speel. Gelukkig kon Adéle hier ons naam hoog hou toe sy saam met die teenoorgestelde geslag haar voetfoute baasgeraak het!

Ons het 'n blywende indruk op Tzaneen gelaat deur 'n erediens te moes ontwrig sodat ons vas geparkeerde bus kon losbreek, om die Affies terug Pretoria toe te kon neem.

Ons is deur die asemrowende Magoebaskloof terug. By Bondstraat aangekom, is 'n groepie tevrede Affies huis toe, die naweek was nou wel verby, maar volgende jaar se beloofde Kaapse toer lê nog voor. Vir die netbal-Affies is die pret nog lank nie klaar nie.

— **Liesel Heyns**




*Antoinette Labuschagne probeer balbesit wen in die wedstryd teen Verwoerdburg.*

# Netbaldag by AHM

— **Anina Boshoff**




**Op Vrydag 27 April — baie kort na die skole heropen het — is 'n reuse en uiters suksesvolle interklas netbaldag gehou.**

Die netbal- én hokkiedogters het in hulle hordes opgedaag om hulle staal te kom wys; op én langs die baan.

Die wedstryde, wat soms maar baie kort was, is ywerig ondersteun deur "pom-pom"-meisies uit die st.6-geledere. Wat die gees betref, het veral die verloorders almal verras met hul krete, kodes en gebare.

Die st.10-groep, die Spykers, het egter die roomyskoek vir gees gewen met hulle paslike drag en ban iere. Die span van St.8-A het, sover dit die netbal aangaan, stof in hul Seniors en Juniors se oë geskop en hier met die louere en die roomyskoek weggestap.

Dié onvergeetlike dag het groot getalle meisies op 'n besondere wyse informeel by skoolaktiwiteite betrek en ons sien uit na nóg so 'n dag om volgende jaar se seisoen mee af te skop.

**Ywerige ondersteuners by die netbaldag: DIE SPYKERS**



# ATLETIEK

— **Mnr Hennie Kotze**

* Vergelyk seisoene (88/89 en 89/90)
**1989/90 seisoen:**
**Voorsiesoen (Sept-Des 1989)**
* Senior atletiekspan wen jaarlikse Rentmeesterbyeenkoms te Pilditch. Juniorspan kom derde.
* Vyf atlete word gekies vir die N Tvl-span.
* Affies: Dirk Stanford, Christo Potgieter, Jacques Ferreira en Kobus Ferreira stel 'n N Tvl rekord op in die een myl aflos.
**Seisoen (Jan-April 1990)**
* 2 de by Interhoër na W/Kloof (met 20 punte).
* 2 de by Direkteurstrofee finaal na W/Kloof.
* 3 de by Sasol finaal — W/Kloof wen, Grey Kollege 2 de Affies 3 de — was 'n landwye kompetisie — **(was verlede jaar die sewende)**
* 7 atlete word gekies vir die N Tvl Junior Span.
* Christo Potgieter wen SA titel in vyfkamp.

**Alle prestasies bo 800 punte op die Sasolpuntetabel vanaf 1990-01-01 — 1990-04-11.**

| Plek | Naam | Item | Oud. | Pres. | Byeenkoms | Sasolp |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Mias du Plessis | SW | O/17 | 55,32 | V-Wat | 1040 |
| 2. | Francois Strydom | 1500m | O/14 | 4.22,6 | Sasol F | 1005 |
| | Rudy Gunter | 3000m | O/16 | 9.05,2 | Sasol F | 1005 |
| 3. | Jean-Paul van As | PS | O/19 | 4.60 | A Theron | 970 |
| 4. | Riaan Cloete | 800m | O/17 | 1.53,3 | Sasol U | 995 |
| 5. | Servaas Britz | HS | O/14 | 1,77 | Dir. U | 945 |
| 6. | Mias du Plessis | 300mH | O/17 | 38,1 | Dir. U | 925 |
| | Mias du Plessis | GS | O/17 | 15,74 | Interhoër | 925 |
| 7. | Graham Esterhuizen | 200m | O/15 | 23,36 | Dir. F | 915 |
| 8. | Rudy Gunter | 1500m | O/16 | 4.07,0 | Sasol F | 910 |
| 9. | André Ferreira | 400m | O/17 | 49,53 | SA Kamp. | 905 |
| | Christo Potgieter | VS | O/19 | 6,99 | Interhoër | 905 |
| 10. | Dirk Stanford | 400m | O/19 | 48,53 | Sasol F | 902 |
| 11. | Martin Plews | VS | O/19 | 6,94 | Sasol F | 895 |
| | Chris Swart | 200m | O/14 | 24,68 | Dir. U | 895 |
| | Graham Esterhuizen | 100m | O/15 | 11,62 | Sasol F | 895 |
| 12. | Christo Potgieter | 100m | O/19 | 11,04 | Dir. F | 885 |
| | Christo Potgieter | 200m | O/19 | 22,0 | Dir. U. | 885 |
| 13. | Stephen Louw | 1500m | O/15 | 4.21,5 | Sosal F | 870 |
| | Dirk Stanford | 200m | O/19 | 22,37 | Sasol F | 870 |
| | Chris Swart | 100m | O/14 | 11,9 | Dir. U | 870 |
| 14. | Johan Bekker | SG | O/15 | 55,48 | Dir. U | 865 |
| 15. | Sheldon Heuer | SG | O/14 | 48,00 | Interhoër | 860 |
| | Japie Meijer | 100m | O/15 | 11,77 | Sasol F | 860 |
| 16. | Riaan Cloete | 1500m | O/17 | 4.08,16 | Dir. F | 860 |
| 17. | Rudy Gunter | 800m | O/16 | 2.00,54 | Dir. F | 845 |
| | Jean-Pierre van der Walt | VS | O/15 | 6,11 | Sasol U | 845 |
| 18. | Barry Matthews | 100mH | O/16 | 13,6 | Dir. U | 840 |
| 19. | Jean-Pierre van der Walt | 100m | O/15 | 11,86 | Sasol F | 835 |
| | Martin Plews | 200m | O/19 | 22,4 | N-Tvl | 835 |
| | Stephen Louw | 800m | O/15 | 2.04,6 | Dir. F | 835 |
| | Japie Meijer | 100mH | O/15 | 13,87 | Sasol F | 835 |
| 20. | Stephen Streicher | 1500m | O/19 | 4.07,5 | Bill T | 830 |
| 21. | Servaas Britz | VS | O/14 | 5,64 | H. Volks. | 825 |
| | Sheldon Heuer | GS | O/14 | 13,41 | H. Volks. | 825 |
| | André Ferreira | 200m | O/17 | 22,8 | Dirk. U | 825 |
| 22. | Hendré Geyser | HS | O/15 | 1,75 | Sasol U. | 815 |
| | Morné Fourie | DS | O/17 | 12,89 | N Tvl | 815 |
| 23. | Hendrik Tryhou | 1500m | O/14 | 4.41,5 | Interhoër | 800 |
| | Jakkie van der Walt | 80mH | O/14 | 11,8 | Interhoër | 800 |

**1989 Atletiekseisoen vanaf Januarie tot April**
1 Prestasie, 1 000 punte en meer;
6 Prestasie, 900 punte en meer;
27 Prestasie, 800 punte en meer;
**3 Atlete word gekies vir die N Tvl span.**

**1990 Atletiekseisoen vanaf Januarie tot April**
3 Prestasies, 1 000 punte en meer;
13 Prestasies, 900 punte en meer;
40 Prestasies, 800 punte en meer;
88 Prestasies, 700 punte en meer;
**7 Atlete word gekies vir die N Tvl span.**



*Affies wat met hul prestasies op die atletiekbaan meer as 900 punte op die Sasol Puntetabel verdien het. (Vlnr) Dirk Stanford, Francois Strydom, André Ferreira, Servaas Britz, Christo Potgieter, Riaan Cloete, Mias du Plessis, Rudy Gunter, Jean-Paul van As, Graham Esterhuizen. Mias het die beste gevaar met sy 1 040 punte in die skyfwerp. Hy het met drie items meer as 900 punte verdien. Voorwaar 'n puik prestasie.*

## Landloop

**So 'n 18 atlete is aan die oefen.**

Gereeld elke Saterdag word aan die Noord-Transvaal ligas deelgeneem om Noord-Transvaalkleure te verwerf.

Op 2 Junie het twee atlete tydens die Noord-Transvaal proewe vir kleure gekwalifiseer: Sakkie Venter en Francois Strydom. Hulle het Noord-Transvaal op 9 Junie by 'n Internasionale byeenkoms te Nelspruit verteenwoordig.


Behalwe die ligas en 'n daaglikse stywe oefenprogram neem die atlete Woensdae aan 'n 6 km tydtoets deel — Rudy Gunter hou hierdie rekord met 'n tyd van 20:30.

Die deelnemers vir die Direkteurstrofee en SA Skole uitklopkompetisie op Woensdag, 6 Junie te Hoërskool Zwartkops was:


Junior (O/15): Francois Strydom; Sakkie Venter; Stephen Louw; Richard Butler; Chris de la Rey; Hendrik Tryhou; Jacques Cullen.

Senior (Bo 15): Sean Dednam; Jaco Maré; Dewald Els; André du Toit; Rudy Gunter; Riaan Cloete; Eben von Well.


# Landlopers



**Bo:** *Die junior landloopspan spook om weg te kom nadat die skoot geklap het. (Vlnr) Chris de la Rey, Stephen Louw, Hendrik Tryhou, Hennie Botha, Sakkie Venter en Francois Strydom.*



**Senior span:** *Agter (vlnr): Sean Dednam, Eben von Well en André du Toit. Voor (vlnr): Jaco Maré, Rudy Gunter en Dewald Els.*



**Junior span:** *Agter (vlnr): Hennie Botha, Stephen Louw en Francois Strydom. Voor (vlnr): Chris de la Rey, Sakkie Venter en Hendrik Tryhou.*

## Noord-Transvaal Landloopspan



*Francois Strydom (o/15) en Sakkie Venter (o/13) het N-Tvl verteenwoordig by 'n Interprovinsiaal op Nelspruit en het 'n 7de en 'n 5de plek onderskeidelik behaal.*

# Skerm



*Craig Franklin.*

**Alhoewel mens nie veel van die skerm se doen en late weet nie, het die enigste twee Affies wat daarby betrokke is, goed presteer op hul eie.**

Dawie Booysen, 'n standerd 6-leerling, en Craig Franklin in standerd 8, het in 'n reeks kampioenskappe deelgeneem. Craig het onder andere deelgeneem in die Transvaal Kampioenskape asook die onlangse Suid-Afrikaanse Skerm Kampioenskappe.

**Transvaal Kampioenskappe:**

Craig het by Transvaal Kampioenskappe 'n derde plek behaal in die Foil-afdeling en 'n eerste plek in die Sabre-afdeling. Hy het na hierdie prestasie sy Transvaalkleure verwerf om die provinsie in die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe te verteenwoordig.

**Suid-Afrikaanse Kampioenskappe:**

By landswye Skerm kampioenskappe, wat geduur het van 24-26 Mei, het Craig Transvaal verteenwoordig.

Hier het Craig 'n agtiende plek behaal in die Foil-afdeling en 'n eerste plek in die Sabré afdeling behaal waar hy dus aangewys is as die Suid-Afrikaanse Sabré kampioen vir die onder 20 afdeling.

Hiermee saam is hy aangwys as die skoolseunkampioen wat ook die hoogste posisie is wat 'n skoolseun tydens die Kampioenskappe kon behaal het. Verder was Craig die jongste seun om 'n eerste plek op so 'n Suid-Afrikaanse Skerm Kampioenskappe te behaal sedert 1904.

AHS is trots op hierdie Affie wat sy skool se naam hoog hou deur sulke uitsonderlike prestasies te behaal. Hy het slegs een wens en dit is dat daar meer Affies by die klub wil aansluit siende dat die skermklub-meerendeels uit Engelse seuns bestaan. Die klub oefen slegs een keer per week: Donderdagaande van 17:30 tot 19:00. Alle belangstellendes is welkom om Craig te nader.

— **Johan O'Kelly**

# COMRADES

**Dr Edwards, Jan van Rooyen, Nico du Preez het vanjaar op 31 Mei aan die Comrades deelgeneem en in skitter tye klaargemaak.**

Affies kan trots voel op sy eerstespan haker, Jan van Rooyen, lid van die Magnolia Marathonklub. Hy voltooi die Comrades in 'n skitterende 9 uur 30 min. 36 sek. — die moordende Polly Shorts opdraende ten spyt.

Hy was dan ook die eerste van dié drie Affielangasems om in die J Smuts stadion die wenstreep oor te steek en sy brons medalje te verower — altyd 'n wenner.

Dr Edwards se "hoë ouderdom" ten spyt laat hom klaarmaak in 'n puik tyd van 10 uur 29 sek. — dit wil gedoen wees. Dr Edwards bly 'n puik en navolgenswaardige voorbeeld vir een en almal — hy het al soveel hoogtes in sy lewe bereik maar die nederige man streef altyd na hoër hoogtes.

Sy talente word beslis nie onder die maatemmer verberg nie en sy dankbaarheid vir die kosbare Godgegewe lewe en talente ploeg hy steeds terug in prestasie en deelname.

Laaste maar nie die minste van die Affiedeelnemers is, Nico du Preez wat in 10 uur 33 min 30 sek sy bronsmedalje verower het.

— **Erich van der Linde**

# Bo 15 Tennis

**Na die jaarlikse uitdunne het Affies se eerste span weer na Direkteurstrofeewenners gelyk met spelers soos Johan de Beer, Arno Louw, Nico vd Walt Garreth Williams.**

Johan en Anton moes oorsee gaan en het AHS sonder die twee sterre met verswakte span tog baie goed gewaar.

Die uitslae:

— Die eerste span klop Waterkloof se eerstes met 58-22, hulle wen ook Menlopark se eerstes 53-27.

— Die tweede span verloor teen Menlo se eerste span 32-48 maar wen vir Hendrik Verwoerd 41-39.

— Die derdes is sover onoorwonne deur Menlopark met 42-30 en Silverton met 47-25 te wen.

— Die vierdes het minder geluk gehad en verloor teen Boys High se tweede en Verwoerdburg se eerste span maar maak om deur Garsfontein se eerste span met 55-17 te wen.

— Die vyfde span het vir Eldoraigne, Voortrekkerhoogte en Waterkloof gewen.

## 0/15 Tennis

**Met die onder 15 tennispanne het dit baie goed gegaan en lyk die eerste span na die versekerde ligawenners:**

Uitslae tot op datum:

— Die eerste span wen sover al hul wedstryde.

— Die tweede span wat in dieselfde liga as die eerste span speel, het nog net teen AHS se eerste span verloor.

— Die derde span het ook al hul teenstaanders in die stof laat byt en is sover onoorwonne.

— Ongelukkig het die vierde span teen Silverton se eerste span verloor en is dus op die oomblik tweede in hul liga.

— Die vyfde span is ook nog onoorwonne.

— Die sesde span het nog net teen Swartkop se tweede span verloor.

